

Jul 2022 Pinocchio projek

Een van Rietvallei se Omgee projekte vir 2021 / 2022 was tydens ons 2021 AJV goedgekeur en staan bekend as die *Pinocchio projek*. Die versoek is dat lede enigiets, nie net breiwerk, kon inhandig wat kinders tussen die ouderdomme 2maande en ouer benodig. Hierdie kindertjies kom hoofsaaklik uit baie arm ouerhuise en die kleuterskool benodig o.a. klere en kruideniersware.

Pinocchio Kleuterskool gaan ook nog gebuk onder die Covid 19 pandemie met onder andere ouers wat werke verloor het en dus nie skoolgelde kan betaal nie. Hierdie kinders word daagliks versorg en is Marie Visagie, wat die kleuterskool al vir bykans 58jaar bedryf, se hartklop. Weens Marie se ouderdom het haar skoondogter, Michele, nou die leesels oorgeneem en bedryf hoofsaaklik die kleuterskool.

Ons het dusver vir 2021 / 2022 al 3 oorhandigings gehad waartydens ons 'n wavrag goedere afgelewer het, wat ingesluit het klere, komberse, speelgoed, lekkernye, kruideniersware, skoonmaakmiddels, wetwipes en toiletpapier om net 'n paar te noem.

Ons het nou 'n hele paar kinder truië en 'n gehekelde kombers afgelewer.

Hierdie was seer sekerlik ook weereens een van ons vele suksesse vir Rietvallei.

Daar was vele mondelinge terugvoer waar lede hul waardering en dank uitgespreek het om te kon meedeel aan hierdie *OMGEE* projek, maar onderstaande boodskap vanaf die kleuterskool beteken baie.

"Middag Tjaart en Rietvalleiers

Baie dankie aan die persone wat die truitjies gebrei het, dit is "awesome awesome en soo mooi! Die kindertjies was so opgewonde vir die truië en mussies, ek wens ek kon hul gesigs uitdrukkings vir jul wys. Dit maak die kindertjies se hartjies so bly. Julle is Engele en nogmaals dankie - dis pragtige truitjies.

Pinocchio liefde groete Michele en Marie Visagie 😊"

So, baie dankie aan ieder en elkeen wat vrywillig en ywerig met hierdie spesiale 2022 projek betrokke was.

Groete
Tjaart.

Hieronder volg 'n paar fotobeelde wat ook vanselfsprekend is:

Jul 2022 Pinocchio projek

1. Marie ontvang die skenkings wat op 11/07/2022 oorhandig is, met 2 van die ywerige helpers tydens die uitpak en uitdeel:



2. 'n Paar van die dankbare ontvangers vir wie die truitjies en mussies pas.

